NNNN
ZCZC 050 01621
AAHQ16 FAME 080420
MP 528

M44/488 08/02/88

MARION NUUSBRIEF: JANUARIE 1988

DIE NUWE JAAR HET N AANVANG GENEEM EN HET NOU REEDS VER GE-
NOEG GEVORDER DAT ALMAL HULLE NUWEJAARSVOORNEMENS AL KON LAAT
VAAR. DIE ROKERS ROOK WEER MET VOLHARDING ,DIE GEHEELONTHOUERS
ONTHOU WEER GEHEEL EN NA DIE RUSTYDPERK IS ALMAL WEER HARD
EN YWERIG AAN DIE WERK. NET GARY (DIE MEDIESE ORDONNANS) SE
WERKSTEMPO KON AFNEEM NA DIE ONTSTUIMIGE FEESGETY.

OOK DIE DIERE EN VOELS IS HARD BESIG MET HULLE VEELEISENDE
TAAK VAN KLEINTJIES GROOTMAAK. DIE PELSROBBE EN MEESTE VOEL-
SOORTE SE KLEINTJIES IS UIT EN DIE SKUAS (ROOFMEEUE) HET AL
MENIGE NIKSVERMOEDENDE WANDELAAR LAAT SKRIK EN BONTSTAAN MET
HULLE VERWOEDE AANVALLE AS HULLE TE NA AAN DIE KLEINTJIES
GEKOM HET. VAN DIE OUENS MOES AL LELIK AGTER HULLE MUSSE AAN-
HARDLOOP AS N SKUA DIT TYDENS SO N AANVAL OPGERAAP HET.DIE
SEEMEEUE SE AANVALLE IS DIKWELS NOG MEER DOELTREFFEND. HULLE
NABOOTSINGS VAN BOMWERPERS LAAT ENIGE VYAND VINNIG DIE WYK
NEEM OM DIE ONWELRIEKENDE BOMME TE VERMY.

DIE PELSROBBE IS OOK AGGRESSIEF EN IAN MOES DIT ONTGELD
TOE N ROB HOM AAN DIE BEEN GEBYT HET TERWYL HY BESIG WAS OM
N STUK VISLYN WAARIN DIE ROB VERSTRENGEL GERAAK HET VAN DIE
DIER SE NEK AF TE SNY. SY WONDE HET VINNIG HERSTEL EN HY EN
JACO IS NOU OP HUL TWEEDE TOG OM DIE EILAND HIERDIE MAAND -
BESIG MET OPNAMES EN TELLING VAN DIE PELSROBBE. DIE OLIFANTROBBE
KOM NOU TERUG OM TE VERHAAR EN EEN VAN DIE KOEIE WAAROP N
RADIOSENDER VASGEHEG IS,IS OOK WEER TERUG.

OP DIE VLAKTES KAN HONDERDE WANDERING ALBATROSSE NOU GESIEN
WORD, BESIG OM MEKAAR DIE HOF TE MAAK MET HULLE PARINGSDANSE
OF - DIE MET HO ER FERTILITEIT - BESIG OM REEDS TE BROEI.JUG
IS DRUK BESIG OM DIE ALBATROSSE WAT VIR NAVORSING DOPGEHOU
WORD, TE RING, EN MET GETALOPNAMES REG OM DIE EILAND.SY AAN-
DAG IS TANS OOK BY N ALBINO MACARONIPIKKEWYNKUIKEN EN TWEE
KRUISINGS (MACARONI- EN ROCKHOPPERPIKKEWYNE) WAT HY OPGEMERK
HET. HIERDIE VERSKYNSELS IS NOG NOOIT VOORHEEN AANGEMELD OF
AANGETEKEN NIE EN NA ONS TERUGKOMS KAN
ONS HIEROOR N PAAR INTERESSANTE EN MOONTLIK OPSPRAAKWEKKENDE
ARTIKELS VAN JUG VERWAG (ONDER DIE SKUILNAAM CHARLES GILBERT)
N VERDERE INTERESSANTHEID ONDER DIE PIKKEWYNE IS
DIE VOORKOMS VAN ROYAL PIKKEWYNE ONDER DIE MACARONIES. DIT
IS EGTER NOG NIE BEVESTIG OF DIT WERKLIK ROYALS IS OF BLOOT
AFWYKINGS VAN NORMALE MACA ONIES NIE, AANGESIEN ROYALS
NIE NORMAALWEG OP MAION VOORKOM NIE.

FOTOGRAFIE IS STEEDS DIE GEWILDSTE STOKPERDJIE OP DIE EILAND
EN HEEL PASLIK HET VAN DIE YWERIGE FOTOGRAWE DIE EERSTE SONS-
OPKOMS VAN 1988 MET KAMERAS, LENSE, FILTERS EN VERSTERKINGS
INGEWAG. DIE WEER HET SAAMGEWERK OM N ASEMROWENDE SONSOPKOMS
TE BIED, MAAR OP HIERDIE STADIUM VAN DIE GEBEURE KON SELFS DIE
MEES TEGNOLOGIES GEVORDERDE LENS NIE MEER DIE SON IN FOKUS
KRY NIE. DIE UITKOMS WAS FOTO S MET KLEURESPELLE WAT GEWISSEL
HET VAN PIKSWART TOT BLEEKWIT EN MET KANTELENDE HORISONNE.

BLADSY TWEE...

ZCZC 048 01621
AAHQ16 FAME 080425
MP 528

M44/488

BLADSY TWEE VAN NUUSBRIEF:

OM DIE MOOI WEER WAT ONS NOU EN DAN TE BEURT VAL IN HIERDIE SOMERSMAANDE TEN VOLLE TE BENUT PAK DIE MANNE NOU MET ELKE GELEENTHEID DIE PAD NA DIE HOOGSTE PIEKE EN DIE YSPLATO AAN. ANDRE MEYER HET BAANBREKERSWERK VERRIG VIR DIE WAT HEWIGER VAN POSTUUR IS DEUR DIE EERTE LID VAN HIERDIE EKSPEDISIE TE WEES OM STAATSPRESIDENT SWART, DIE HOOGSTE PIEK OP DIE EILAND, TE BEREIK. HIERDEUR HET HY SOMMER OOK N SLAG GESLAAN VIR DIE OUER GARDE VAN DIE EILAND. KORT OP SY HAKKE WAS JOHNNY EN JUG. HEELWAT ANDER POGINGS IS DAARNA DEUR DIE SLEGTE WEER GEDWARSBOOM. ANDRE JOUBERT EN GARY HET HUL WELVERDIENDE RUSKANSE GEBRUIK VIR N TOG OM DIE EILAND.

NA DIE FEESTYD HET VERSKEIE VAN DIE MANNE BESLUIT OM EERDER NIE GOU WEER HULLE GESIGTE BY DIE BASIS TE WYS NIE. STEVE HET TWEE JAGSESSIES UITGEBLY EN DEON EN RORY IS NA DIE TWEEDE SESSIE NOG STEEDS UIT. ONS HOOP OM HULLE KORT VOOR DIE OORNAME WEER TE SIEN.

TYDENS DIE EERSTE JAGSESSIE VAN DIE JAAR MOES MARCEL DIE ONTSTELLENDE NUUS VERNEEM DAT SY GETEMDE MUIS, BRUCILLA, HEENGEGAAN HET. DIE SLAG IS DARM EFFENS VERLIG DEUR DIE WETE DAT BRUCE, SY ANDER MUIS, NOG GESOND IS. OM N HERHALING VAN DIE GEVAL TE VOORKOM IS BESLUIT OM BRUCE INTENSIEWE MEDIESE EN FIKSHEIDSTOETSE TE LAAT ONDERGAAN EN HOM AAN N WETENSKAPLIKE BIOKINETIESE OEFENPROGRAM TE ONDERWERP. HIERVOOR HET JAN GOEDGUNSTIGLIK N OEFENWIEL GESKENK WAT DEUR BETA EN MARCEL GERESTOUREER IS.

PANIEK IS VROEG IN DIE MAAND GESAAI TOE DAAR WEER PROBLEME MET DIE DIESEL ONTSTAAN HET. ONSUIWERHEID IN DIE DIESEL HET DIE KRAGOPWEKKERS LAAT STOL EN ALMAL IN DIE BASIS HET KOORSAGTIG TOT DRIE-UUR IN DIE NAG GEWERK OM DIE BESMETTE DIESEL AF TE TAP. DIE VOORUITSIG VAN KOUE STORTE TOT MET DIE OORNAMETYDPERK HET ALMAL LETTERLIK LAAT KRIMP. GELUKKIG HET KRIS TOT DIE REDDING GEKOM DEUR NA N PAAR DAE SE SWOEG DIE FOUT TE HERSTEL, ONDER VOLGEHOUE AANMOEDIGING VAN DIE ANDER SPANLEDE.

BLADSY DRIE...

NNNN

NNNN
ZCZC 051 01621
AAHQ16 FAME 080430
MP 528

M44/488

BLADSY DRIE VAN NUUSBRIEF:

DIE NAGTE BEGIN NOU VINNIG LANGER WORD EN DIT LYK OF DIE ENKELE MOOIWEERSDAE NOU MINDER WORD. N ONGEWONE HOOGDRUKSTELSEL SUID VAN DIE EILAND HET DIE WIND VIR DRIE DAE REG LAND-IN LAAT WAAI. DIT HET TOT GEVOLG GEHAD DAT REUSEGOLWE OOR DIE PUNT EN DIKWELS BO-OOR DIE HYSKRAAN EN STORE GEBREEK HET EN DIE LOOPVLAKKE MET SEEWIER BESTROOI HET.

JUG, GARY , JONATHAN EN FRANK HET GEDURENDE JANUARIE VERJAAR. HENNIE HET N KOEK VIR JONATHAN GEBAK - N TAAK WAT EEN EN N HALWE DAG EN VYF PROBEERSLAE GEKOS HET. DIE EINDRESULTAAT (DIE VYFDE KOEK) WAS GEENSINS BEVREDIGEND NIE MAAR OM HENNIE SE GESONDHEID EN ONS VOORRADE TE BEHOU HET DIE RES BESLUIT OM DIT EETBAAR TE VERKLAAR. DIT HET DIE RES HULLE GESONDHEID GEKOS.

DIE BESOEK VAN TWEE JAPANESE SKEPE WAT BESIG IS MET NAVORSING OOR WALVISSE HET VIR GROOT OPGEWONDENHEID GESORG. KAMERAS, VERKYKERS EN TELESKOPE IS UITGEHAAL EN OPGESTEL OM DIE SKEPE DOP TE HOU EN OM TE SIEN HOE DIE SKEPE SE BEMANNING KAMERAS, VERKYKERS EN TELESKOPE OPSTEL OM ONS DOP TE HOU. VOSSIE HET RADIOKOMMUNIKASIE MET HULLE BEWERKSTELLIG EN ONS WAS VERBAAS TOE DIE KOMMUNIKATOR AFSLUIT DEUR IN AFRIKAANS BAIE DANKIE TE SE. OM ANDER MENSE TE SIEN HET ONS HERINNERING AAN DIE HUIS WEER VERFRIS EN ONS SIEN UIT NA DIE TERUGKEER,WAT NOU SPOEDIG NADERKOM. REELINGS EN ORGANISASIE VIR DIE OORNAMETYDPERK IS REEDS DRUK AAN DIE GANG.

WEERDATA:

HOOGSTE TEMPERATUUR	14,4	GRADE C
LAAGSTE TEMPERATUUR	0,8	GRADE C
GEMIDDELDE TEMPERATUUR	7,1	GRADE C
GEMIDDELDE SEETEMPERATUUR	6,2	GRADE C
GEMIDDELDE SONSKYN PER DAG	5,6	UUR
TOTALE REENVAL	199,3	MM
HOOGSTE WINDSPOED	141,8	KM/H
SONSOPKOMS 1 JAN	03H38	
31 JAN	04H18	

WEERDATA DEUR FRANK SOKOLIC
NUUSBRIEF DEUR NICO DU PLESSIS

BF 88-02-08